

1 Kor.4:1-5
3de Advent 13 Desember 2015

So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimnisse van God toevertrou is. Van 'n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar moet wees. Maar vir my is dit nie van die minste belang of my betroubaarheid deur julle of deur 'n menslike regbank beoordeel word nie. Trouens, ek beoordeel dit self nie eens nie. Daar is ook niks waaroor my gewete my aankla nie, maar dit beteken nog nie dat ek vrygespreek is nie. Dit is die Here wat my beoordeel. **Daarom moet julle nie te vroeg, voordat die Here kom, 'n oordeel uitspreek nie. Hy sal ook die dinge wat in die duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê.** Elkeen sal dan van God die lof ontvang wat hom toekom.

Liewe gemeente,

Dis 'n bitter-soet smaak wat ontwikkel wanneer ons binnekort op 16 Des die sogenaamde *versoeningsdag* vier. Vir sommiges is dit Dingaansdag, vir ander Geloftedag en deesdae is die nou Versoeningsdag, vir die meeste dalk sommer net nog 'n vakansiedag. Paulus praat van “die geheimnisse van God” wat aan ons gelowiges toevertrou is. In twee dele wil ek hierdie tema ontvou sodat ons bietjie meer verantwoordbaar met geskiedenis omgaan juis in die lig van die 16de Desember. Volgende Sondag sal ek voortgaan om oor geskiedenis te praat maar dan meer in die lig van die 25ste Des (waarna ek hier net kortliks sal verwys).

Eerstens inleidend help dit om sommer van die staanspoor te onderskei tussen **3 vlakke van geskiedenis**:

- God se omvattende geskiedenis vanaf voor die skepping, die skepping tot na die skepping. Eintlik kan 'n mens moeilik daarmee werk omdat God se tyd nie ons tyd is nie en altyd met die ewigheid te doen het. Ons sal vandag nie baie aandag op hierdie vlak gee nie.
- Op 'n tweede vlak poog ons om die waarneembare en algehele geskiedenis te begryp. Ons kyk wat etlike 1000de jare gelede gebeur het, oor die steentydperk, die verskillende volke-geskiedenis, die middeleue tot in vandag se tyd. Ons vra wat is die bewegende magte wat aan die werk is, wat ons daaruit kan leer en hoe moontlik die toekoms mag lyk.
- Maar eintlik is geskiedenis dit waar ek-en-jy alledaags betrokke is. Dit is die alledaagse gebeure van ons realiteit.

So maklik soos dit klink, is dit tog maar 'n komplekse aangeleentheid, want ons vra: **wat is ons realiteit?** Telkens kyk ons deur middel van 'n vooropgestelde bril (paradigma) na wat om ons aangaan..

1. Ons realiteit neem ons waar deur ons liggaam, gees (denke) en siel (emosionel belewenisse).
2. Ons realiteit word bepaal en “geprogrameer” deur die familie waarin ons gebore word, ons kultuur, ons taal en ons samelewing. Hoe beleef jy jou samelewing = realiteit.
3. Verder is ons elke dag effektief besig met werk, beroep en ambag; ons oefen 'n sekere funksie uit - en dit is ons realiteit.
4. Ons kan die konteks van ons realiteit nog 'n stap verder neem en vra: wat gaan aan in die politiek? - in ons stad waarin ons woon, ons land en sy regering, en verder in die globale konteks. Elke dag ontvang ons internasionale nuusberigte - en dit bepaal ons realiteit. Of is dit werklik so?

5. Ek glo nie, want daar is **die belangrikste aspek wat ons realiteit uitmaak, naamlik ons geloof.** Ons Christelike geloof (eintlik enige geloof) is die bril waardeur ons die realiteit waarneem. Ons werk met begrippe soos “sonde en genade”, “lewe en dood”, individuele verantwoordelikheid en gemeenskaplike sendingwerk, ens.


6+7. Wat is ons realiteit? En ek wil sommer byvoeg: wat is ons identiteit? - word ook bepaal deur die geskiedenis, hoe ons na die verlede kyk, wat is die kollektiewe kennis en verantwoordelikheid? En soos reeds aangedui: ons toekomsverwachting bepaal ons realiteit. Saam bepaal verlede en toekom ons hede; dit vorm ons gedagtes, ons besluite, ons verhoudinge.



Realiteit / identiteit is die rim rondom. Speke is die verskillende aspekte van die alledaagse lewe. Geloof / die kruis is die as in die middel.

Iemand het een keer gesê: **wie die hede beheer, bepaal hoe die verlede geskilder word. En wie die geskiedenis beheer, bepaal hoe die toekoms sal lyk.** Dit gaan dus ook oor mag en politiek. Ons sien byvoorbeeld hoe in die nuwe bedeling van ons SA geskiedenis na 1994, nuwe geskiedenisboeke geskryf word. Waarom? Omrede die geskiedenis altyd vanuit 'n sekere *perspektief* en met sekere *motiewe* geskryf word sodat mense se gedagtes gevorm word. Trouens, ons kry in elke nuusberig slegs 'n sekere perspektief opgedis. En dis elke verantwoordelike burger van die land se verantwoordelikheid wat om met die nuus aan te vang - vertrou jy die bronne; wat wil die verslaggewer hê hoe moet jou reaksie op die nuus wees? Bv die onlangse berrig-gewing oor die aanvalle in parys - waarom het vir drie, vier dae lank al die hoofnuuskanale soos BBC, CNN, Al Jazera, ens. aanhoudend sonder pouse slegs oor hierdie tragedie verslag gelewer?

Ons is in die lig van die 16de Des veral gemoeid met die geskiedenis van SA; en omdat spanninge in ons land hoog loop, wil ons vir onself biejtie die klem lê op die boere-geskiedenis. Veral Afrikaans-sprekende SA is bekommerd dat Afrikaans op skole en universiteite “verdring” word deur Engels, deur partypolitieke agendas. Wat sal dit vir die toekoms beteken?



Dit sou goed wees om 'n langerige gesprek te begin, maar ons kort die tyd. Ons wil as Christene na die geskiedenis kyk nie slegs omdat dit interessant is nie, maar omdat ons glo en vertrou: **God is aan die werk! En daarom sit ons ook die bril van die Bybel op en vra: wat sê die Bybel dan van al hierdie**

gebeure? Wat is God se agenda? Want ons land se geskiedenis is mos ingebed in God se geskiedenis, nie waar nie? En in die lig van ontwikkelinge binne ons gemeente vra ons ook: Hoe verstaan ons ons realiteit en hoe sal ons toekomsbeplanning lyk van ons Afr gedeelte van die Paulusgemeente hier in Pretoria?

Ek glo, dit is deel van wat Paulus bedoel met die uitspraak: **So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimnisse van God toevertrou is.**

Voordat ons 'n kort breuk vat, laat my toe om net nog 'n woord te sê oor **die geheimnisse van God.** Dit is iets wat vroër onbekend was, maar nou deur Jesus Christus bekend geword het. Deur die koms van Jesus Christus het dit nou duidelik geword dat:

- *God is vir die mensdom* (so lief is God vir die wêreld dat Hy sy enigste Seun gestuur het, oorgelewer het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal beërwe Joh 3:16).

- *God se agenda is nou bekend, naamlik dat Hy wil hê dat alle mense gered sal word en tot insig van die waarheid sal kom* (sending / missie van God).

- Hiervoor het God vir Homself 'n nuwe volk geroep, *die gemeente*, uit alle tale, volke, rasse, kulture - dit is universiële, globale missie wat reeds goed gevestig is maar telkens nog moet uitrei.

- Die geheim van God is dat *die gemeente is die draer van heil van God*; hier kan Christus gevind word, hier is die verkondiging, hier is die doop en die nagmaal, hier is die gemeenskap van gelowiges.

- Deel van die geheim van God is dat ons nou weet: die geskiedenis sal nie onbepaald voortgaan nie; daar is 'n liniêre ontwikkeling na 'n eindbestemming, *ons lewe doel-gerig* - na die opstanding, na die hemelse heerlijkheid en 'n nuwe skepping.

- hieruit kan ons volg dat terwyl God self sy geskiedenis dryf, is daar tog ook leer-fases, soms val ons terug na ou gewoontes, na verkeerde interpretasies, na sondes van die verlede. Ons verstaan geskiedenis dus meer as 'n spiraal-beweging van onder na bo, van breed na al hoe nouer, totdat ons die eindpunt bereik.




Nou sing ons eers gesang 39 - kersfeesgesang - waarna ek binnekort sal verwys, as God se nuwe begin.

Vervolgens kyk ons na die twee gebeure in die geskiedenis hoe hulle in verbinding met mekaar geplaas kan word; en dan voeg ons nog 'n derde punt by. Die eerste gebeure is die 16de Des 1838 waaruit die sogenaamde Geloftedag voortgekom het. Net 'n paar vrae / aanmerkings:

Geloftedag (9) 16 Des 1838 – wat beteken dit?

- Oorwinning van een volk bo die ander
- Die lig vd Evangelie wen in donker Afrika
- Later die opgang van Afrikaner nasionalisme
- 'n hele land word verplig aan die belofde
- 1994 swaai 'n nuwe volk die septer in SA
- Poging om 'n nuwe betekenis aan dié dag te heg

Wat sal ons met die dag aanvang?



Die tweede punt in die geskiedenis is God se agenda: die jaar 0, en ons vra:

Jesus is in Betlehem gebore - wat beteken dit?

- Die Seun van God / God in persoon / Imanuel / Die Woord het vlees geword
- Die geskiedenis het 'n nuwe verwysings-raamwerk / nuwe era / niks is meer dieselfe nie ...
- Word deesdae jaarliks gevier ... as tradisie

Wat sal ons die dag aanvang?

Hoe bring ons die twee punte in die geskiedenis bymekaar?

Dit is belangrik om te vra: hoe het die voortrekkers van 1838 die geskiedenis verstaan en kan ons die gelofte van ouds net so-ook vir vandag oorneem?

Ons antwoord sal wees Ja en Nee. Ten opsigte van die Nee, waarom die gelofte nie somier kan oorneem nie, lê in die verstaan van geskiedenis. Ons moet vanuit die Bybelse perspektief weet dat daar twee maniere is hoe om geskiedenis te verstaan.

1. In die Ou Testament praat ons van **Openbaringsgeskiedenis** = die verloop van gebeure wys vir ons, wie is God en hoe is die verhouding tussen Israel en God. Die ou volk Israel moes leer om die regte afleidings te maak op grond wat met hulle gebeur. As die volk in vrede leef, geen vyande pla nie, goeie oeste ingebring word - dan staan dit goed met die volk en is God hulle gunstig gesind. As die vyande kom en daar's oorlog, as die oeste op die veld verdroog, as daar stryerei is - dan moes die volk oplet want God straf sy volk vir hulle oortredinge; dan moes die volk boete doen, hul'self bekeer en weer gehoorsaam wees.

Die Here vir Israel drie hulpmiddels gegee:

i. *die wet* = die raamwerk van die godsverhouding

ii. *die profete* = God se roepstem, gewete vir die volk, interpretasie van geskiedenis, en

iii. *sekere gebruike / tradisies*. Ek verwys veral na sekere feeste wat ingestel was om die volk aanhoudend te herinner waarvandaan hulle kom en wat hulle roeping is. Die Lofhutfees, byvoorbeeld, is ingestel om aan die uittog uit Egipte te herinner. Hulle moes hierdie feeste voortdurend jaarliks vier sodat hulle bewus sal bly van wat God in die verlede gedoen het, sodat hulle ook in die toekoms op hierdie God van die geskiedenis sal vertrou. Kortweg: God bepaal Israel se realiteit; Israel sien elke dag dat God regeer = God stuur vyande of gee vrede.

Val die *Geloftedag* in dieselfde kategorie as bv. die lofhutfees of openbarings-geskiedenis?

Antwoord: Ja, só ten minste het die boere van ouds hul'self verstaan as diegene wat uit die land van slawerny (weg van die Engelse) uittrek na die beloofde land. As uitverkorenes mag hulle tot die Here bid, en die belofte van 1838 behels: As U, Here, ons die oorwinning gee, dan sal ons:

- die dag as Sabbatdag vier,
- 'n kerk oprig ter herdenking, en
- ons kinders voortdurend van leer / laat onthou.

Desnieteenstaand sal ons ook duidelik onderskei en antwoord: Nee.

Nee, omdat God Geloftedag nie deur God verorden is nie (dit was 'n vrywillige gelofte van 'n spesifieke groep Christene). Nee, omdat ons sedert die NT nie meer van openbaringsgeskiedenis praat nie. Wat is dan nuut in die Nuwe Testament?

God het Homself eens en vir altyd, final en duidelik in sy Seun Jesus Christus geopenbaar. Van toe af word geen verhale meer as God se openbaringsgeskiedenis beskou nie. Vanaf die Nuwe Testament praat ons van **heilsgeskiedenis**. Die heil van God het reeds plaasgevind en geld nou vir alle mense vir alle tye. Ons kyk slegs daarna hoe die heil van God in Jesus Christus ontvou. In Johannes 14 byvoorbeeld, sê Jesus vir sy dissipels dat dit definitief moeilik sal gaan; die wêreld sal julle haat, vervolg, voor die hof sleep ens. En ten spyte dat dit sleg gaan, gee Jesus sy belofte: *Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld*. Ongeag hoe dit uiterlik met God se kinders gaan; ongeag hoe die geskiedenis lyk: Hy is met ons, ál die dae!

Ek weet nie of die boere van ouds ook die Nuwe Testamentiese siening gehandhaaf het nie, maar ons mag sê: al sou die Voortrekkers op 16 Des. 1838 total verloor het, dan sou God se belofte nogtans staan: EK is met julle! (Ander voorbeelde sou wees - die vervolging van Christene in Rusland, Midde Ooste, Afrika - die Christendom brei uit te midde van vervolging en lyding)

En tog is daar 'n voortgaande lyn deur alle tye: God bly nog steeds die God van die geskiedenis. Nog steeds lei God die wêreld na sy voleinding toe. Maar geen besonderhede word vir ons in die NT gegee, presies wanneer die Here weer as Regter sal kom nie. Al wat ons van Jesus kry, is vermaanings om wakker te bly, om die tekens van die tye te lees en om vir die spoedige wederkoms te bid.

Geloftedag het sy pedagogiese ligpunte. Ek wil van die voortrekkers leer, hoe hulle ten volle op God vertrou het. Het hulle mos die belofte afgelê op grond van God se belofte! God het trou aan sy kinders belowe, en daarom, as antwoord op God se woord, het hulle toe willens en wetens hulle belofte gemaak: *As U Here, ons teen die vyande sal beskerm, sal ons die dag as 'n Sabbatdag hou* ens...

Hier 1838 was 'n oomblik toe God spesifiek gebede verhoor het, presies soos mense dit uitgespreek het (in die sfeer van Psalm 50:51 Roep my aan in die oomblik van benoudheid, en EK sal jou red, en jy sal MY eer). Dit was 'n situasie van lewe en dood.

Oor ander vrae mag ons spekuleer byv Was die 'n situasie van lig-teen-duisternis. Was hulle reg? Was dit inderdaad die geval waar die Evangelie in Afrika geseëvier het en magte van die duisternis verdryf is?

Ek glo nie, ons het die outoriteit om agterna die motiewe van die Voortrekkers te bevraagteken nie. Ons weet egter dat God se oorwinning ook midde in die grootste nederlaag geskied. Aan die kruis het dit geblyk asof God geheel en al gevaal het. Dood en vernietiging op Golgota huldig ons Christene vandag as die grootste oorwinning oor sonde, dood en duiwel. Daar kan geen grootter oorwinning wees nie as dié oorwinning wat reeds plaasgevind het nie. Geen oorlog of sendingtogte kan iets byvoeg by dit wat reeds gebeur het.



En tog word hierdie oorwinning van Golgota en Paasfees op elke gelowige lewe van toepassing gemaak. In elke Christen geld dat Christus is die Heer oor my sonde, my dood en die aanslag van die Duiwel in my lewe. En waar Christus die verskil maak, daar is daar rede om te vier. Maak Christus in jou lewe dié verskil, dan is daar rede om Hom te eer.



Versoeningsdag word hierdie dag deesdae genoem. En ons dink alleereers aan die versoening deur Christus tussen hemel en aarde, tussen mens en God. Hy gee lewe; Hy gee die oorwinning - maar slegs deur die kruis, slegs deur die blykbare nederlaag, en Paulus voeg by: slegs deur kruis en lyding.

As ek-en-jy dan Versoeningsdag vier, dan laat dit geskied aanhand van die christelike versoening, dat ons vir mekaar sondes bely (en daar is baie om te bely) mekaar kan vergewe, mekaar respekteer, mekaar bystaan, en saam aan 'n nuwe toekoms bou.

As jy iemand is wat eerder die Geloftedag wil vier en 1838 wil gedenk, dan bring dit in verbinding met die 25ste Desember, Golgota en Paasfees.

En soos reeds gesê: Ons gedenk dit nie slegs nie; op 'n sekere manier is dit 'n herhaling. Hierdie gedenkfees

kan die oproep wees dat God se wil ook in ons lewens geskied. Dit kan 'n gedenkfees word waar ons aan God se beloftes dink wat Hy in die doop aan ons toegesê het. En dit kan 'n gedenkfees word aan ons aanneming en bevestiging waar ons teenoor God belowe het: Ja, ek wil dat God se wil ook by my geskied. Ja, ek wil dat Christus se oorwinning oor sonde, dood en duiwel, ook my oorwinning word. Ja, ek buig my voor die Almagtige en laat my lei deur hoogtes en dieptes. Ja, ek wil Hom volg, te sy eer lewe en in die geloof te volhard tot aan die bitter einde toe ... omdat Hy by my is, al die dae tot die voleinding van die wêreld, daarom wil ek ook by Hom bly tot aan my einde.



Ons kan gerus terug kyk na ons eie geskiedenis - dan wil ook ons die wonderlike dade van die Here raaksien. Ons wil saam met Ps.34 die Here loof vir al sy weldade. Ek wil bely waar ek gevaal het, en wil my self weer toewy aan die Here. Ek wil die toekoms met die Here se belofte tegemoedgaan wat Hy tydens my doop oor my lewe uitgespreek het; en ek wil bewus word wat ek tydens my aannemingsdag belowe het, naamlik om my geloof in alle opsigte uit te leef. Daarom dank ons die voorvaders (voortrekkers) wat in hierdie opsig vir ons 'n voorbeeld is.

Ter afsluiting: Dank aan die Here dat ons méér het as geskiedenis. Ons het tyd, ja, maar ons het ook die ewigheid. Ek leef in hierdie tyd my lewe as burger van die land, as Afrikaner, Duitser of wie ook al, as onderwyser, huisvrou of skreiner, maar ek leef ook as hemelse burger midde in die wêreld. Ek leef, maar nie meer ék nie: Christus leef in my. Daarom sal deur ons die lig skyn soos Paulus in 2 Kor.4:6 skryf:



God wat gesê het dat daar uit die duisternis lig moet skyn, het in ons harte die lig laat skyn, om verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.

Mag God sy genade vir ons almal weer en weer bevestig; en mag ons soos die voorvaders doelbewus as lig in die wêreld wees, soos ons Christus lank al is. Amen.